# S.A. POLISIE EN SWERWER- SPEURDER REEKS

## NO. 7.

# RIVIER VAN ONHEIL



braam le roux

Kobus slaag daarin om die man met sy linkerhand voor die bors vas te gryp. Hy trek die gesig nader na hom toe, totdat hy hom dof-weg kan sien. Dan slaan hy met alle geweld na die gesig van die man wat hortend en grommend asemhaal soos 'n dier. Sy vuis tref die man op die neus. Die kop ruk terug en onmiddellik verslap die greep op Kobus se keel. Nog 'n vuishou tref Kobus se aanvaller teen die ken en dit is hard genoeg om enige man aan die slaap te sus, maar nie vir Mike Scott nie. Mike is van die duiwel besete. Dit is asof hy weet dat hierdie sy laaste kans is, sy laaste hoop om van die galg af weg te bly, sy laaste hoop om hul organisasie te red. As Kobus en Joey nie meer daar is nie, kan hulle ongehinderd voortgaan.

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## NO. 7. RIVIER VAN ONHEIL



braam le roux

INHOUD


| Hoofstuk | Bladsy |
|---|---|
| 1. Afspraak by die Wit Rotse | 3 |
| 2. Gulsige Waters | 14 |
| 3. Nag van Onrus | 25 |
| 4. Die Lyk in die Water | 36 |
| 5. Die Rivier se Geheim | 47 |
| 6. Ontdekking in die Kloof | 58 |
| 7. Skote in die Nag | 69 |
| 8. Vereerders van Bacchus | 81 |


## Hoofstuk 1

## AFSPRAAK BY DIE WIT ROTSE

'n Ligte vragmotor sukkel teen die steiltes tussen die bergreekse naby Nsoko, in Swaziland, op. Dit is vroeg in die môre en die gesnor van die vragmotor klink luid teen die kranse en berghange op. Die geluid dra ver, want die oggend is, soos altyd, stil hier in die ongerepte natuur, ver van die beskawing af. Tussen die berge deur baan die Ingwavuma-rivier sy pad na Noord-Natal om tussen die berge van Zoeloeland by die Pongola-rivier aan te sluit. Behalwe vir die vragmotor wat in die dowwe, klipperige pad teen die helling uitsukkel, is daar geen teken van lewe nie, nie eers 'n bok wat in die klowe en teen die hellings wei nie.

Die man agter die stuurwiel sweet, maar dit is nie warm nie. Inteendeel, 'n koel bries stoot van die bergtoppe af na die klowe toe en dun mis kruip lui teen die hellings na die leegtes onder. 'n Paar keer uiter die man agter die stuur 'n vloekwoord wanneer die wiele van die vragmotor oor die oneffe pad stamp en so byna die stuurwiel uit sy hande pluk. Hy kners nou op sy tande. Hy het nie meer ver om te ry nie. Hy kan reeds die groot wit rotse hier voor hom sien. Tussen daardie groot wit rotse is 'n skag, die skag van 'n ou vergete myn, waar hy Sjoeng Lai moet ontmoet.

Sy hande is merkbaar senuweeagtig daar om die stuur wanneer hy aan Sjoeng Lai dink, die plomp Sjinees vir wie hy nou al 'n hele aantal maande werk. Hy weet by voorbaat wel deeglik dat die geel mannetjie glad nie vriendelik gaan wees nie. Hy weet dat hy vanoggend hierheen ontbied is om geskrobbeer te word, of miskien gaan daar erger dinge met hom gebeur. Die dag toe Sjoeng Lai hom in die smerige kafeetjie op Piet Retief ontmoet het, het die geel mannetjie sy standpunt duidelik laat verstaan.

,,Hier is baie geld in hierdie onderneming . . . vir jou, Arnold Greeff, en vir ons almal, maar julle moet my reëls stiptelik uitvoer. As julle dit doen, sal alles reg gaan met ons transaksies. Binne twee jaar kan ons almal skatryk wees, en dan hoef jy nooit weer soos 'n derderangse dief te leef nie. Jy kan vir jou 'n groot plaas koop en lekker leef. En as jy na my luister, sal jy nooit weer in die tronk beland nie. 'n Mens moet net slim wees. Waar jy nou met jou bedrywighede gaan begin, is daar nie baie polisie nie, maar as hulle ooit op jou

afkom, moet nie onbesonne dinge aanvang nie; doen soos ek jou leer. As daar iets verkeerd moet gaan, of as jy in jou sending misluk, of nie my bevele uitvoer nie, sal ek teenoor jou moet optree. Hierdie organisasie kan nie bekostig dat al die planne in duie stort as gevolg van een se onbekwaamheid nie, gehoor?''

Dit was baie duidelik gestel en die Sjinees het bedoel wat hy in daardie gebroke Engels van hom gesê het.

Arnold Greeff het egter daardie groot flater begaan. Hy het kordaat geraak en in plaas van die ou roete na Zoeloeland en Portugese gebied te neem, waar hy met Sjoeng Lai se ‚goedere' handel dryf, het hy 'n meer begaanbare pad gery en 'n naweek op Ingwavuma, in Noord-Natal, deurgebring, met sy lading kosbaarhede, vir die Portugese gebied bestem, in sy vragmotor in die agterplaas van die hotel op Ingwavuma. Dit wemel van die polisie op hierdie groot dorp. Toe 'n konstabel te nuuskierig na sy vragmotor gekyk het, en later nader gestap het om na binne te loer, het Arnold Greeff paniekerig geword, uitgestorm en die konstabeltjie neergevel en weggejaag. Maar hierdeur het hy agterdog verwek. Arnold Greeff weet nou nog nie seker hoe Sjoeng Lai van sy wedervarings gehoor het nie, want hy het dit net aan sy vriend Mike Scott vertel en Mike woon aan die oewers van die Pongola, twee-en-twintig kilometers van die grensgehuggie Ndumo. Mike Scott is ook in hierdie ‚besigheid'. Mike het egter skynbaar reeds geweet van sy manewales op Ingwavuma toe hy dit vertel het.

Arnold Greeff vermoed dat die polisie van Ndumo nog na hom soek. Hy vermoed dat hulle die nommer van sy vragmotor het, maar dit hinder hom nie, want die nommerplate word gereeld gewissel. En daardie noodlottige aand het hy 'n ND-nommer op gehad. Maar die gevaar is dat hulle sy gesig sal onthou. Hy, wat Arnold Greeff is, weet dat dit hieroor is wat Sjoeng Lai hom wil sien.

Daardie aand na die voorval op Ingwavuma het Arnold deurgejaag na Sukkel-Sukkel, die rivierplaas van sy vriend, Mike Scott. Skaars het hy om middernag daar aangeland of Mike het met 'n opdrag gekom:

,,Jy moet inderhaas terug na Nsoko. Sjoeng Lai wil dringend met jou praat. Oormôre vroeg sal hy jou by die skag in die berge inwag. Dit is dringend.''

Mike was nie vriendelik nie. Daar was 'n frons op sy voorkop. Hy het stroef voorgekom. Arnold was nog lekkerlyf van die baie drank



wat hy weggesluk het. Hy het verleë gelag en begin groot praat.

,,Waar slaan ek nie 'n konstabel vanaand nie, ou Mike. Net een hou. Ek skat hy lê nou nog op die naat van sy rug in die agterplaas van die hotel!''

Mike het hom omgedraai en Arnold toegesnou: ,,Ek weet. Dit is waaroor Sjoeng Lai jou wil sien. Wat soek jy op Ingwavuma as jy hier moet wees?''

'n Oomblik was Arnold Greeff skoon deur die wind.

,,Hoe. . . hoe weet jy dit? Hoe weet jy dat ek op Ingwavuma was?''

Maar toe het hy opgehou praat. Daar was 'n geheimsinnige troebelheid in Mike Scott se oë.

,,Het ek jou nie al vantevore gesê dat elke beweging van jou, vandat jy Nsoko verlaat, dopgehou word nie? Geen beweging wat jy op pad maak, maak jy alleen nie. Sjoeng Lai se oë is altyd op jou.''

,,Meen jy dat Sjoeng Lai weet dat ek van die ou pad afgedraai het om eers na Ingwavuma te gaan; dat ek 'n konstabel daar geslaan het en toe weggejaag het? Dat hy nou weet dat ek hier is?''

,,Natuurlik, ja. Het jy dan gedink dat ek skerts toe ek dit altyd gesê het? Jy het die hele organisasie in gevaar gebring, Arnold. En as ek jy is, rus ek vannag uit en spring môre douvoordag in die pad. Verander jou nommerplate.''

Mike Scott het nors omgedraai en aangestap deur die gang en in een van die donker kamers verdwyn. Arnold het 'n paar oomblikke verslae bly staan.

En hier is hy nou op pad na die skag om Sjoeng Lai te spreek. Hy het Sjoeng Lai nege maande laas gesien. Arnold Greeff begin dink dat hy ál waaghalsiger geword het. Hy het mak geword, geglo dat die polisie hom nooit kan vang nie. Hy het gedink dit is die maklikste werk wat hy nog ooit gedoen het, en dit het nie eens onwettig gelyk nie.

Twee keer 'n week laai hy die ‚goedere' hier in die berge naby Nsoko op, ry daarmee na 'n plek in Zoeloeland, lewer dit af en kom terug na sy plaashuis in Swaziland, vier-en-veertig kilometer van Nsoko af. Partykeer gaan hy met sy vrag oor die Natalse grens, deur Zoeloeland, weer oor die Natalse grens Portugese gebied in, lewer die ‚goedere' af en kom maar weer terug. En vir hierdie werk het hy nog elke maand R400. Sy plaas lewer niks op nie, maar wanneer hy hierdie vierhonderd rand op Bremersdorp in die bank deponeer, verwek hy geen mens se agterdog nie, want hy het mos 'n plaas.

Teen 'n gevaarlike skuinste bring hy die vragmotor tot stilstand. Hy skakel die masjien af. 'n Drukkende stilte sak op hom toe. Hy trek die handrem vas en sit eers enkele sekondes voordat hy die deur stadig oopmaak, te bang om geraas te maak. Hier voor hom is die bergspits met die wit rotse teen die helling naby die spits. Onder hom in die vallei is die Ingwavuma 'n kronkelende silwer streep—kabbelende, bruisende water wat langsaam deur die gebroke bergreekse loop. Hier en daar is daar 'n versnelling wat 'n vinnige waterval veroorsaak, maar origens vloei die stroom rustig tot waar dit in Noord-Natal in die Pongola uitmond.

Die son bak heerlik warm op die aarde neer. 'n Oomblik volg Arnold se oë die vlug van 'n wit voël wat ál langs die rivier afsweef na die poort daar by Nsoko waar die aarde sommer skielik afwaarts val in die rigting van Natal.

Arnold steek sy hand in sy baadjiesak. Ineens voel hy bang. Hy omklem die outomatiese pistool in sy hand. Daar tussen die wit klippe is die ingang van die skag. Daar sal Sjoeng Lai op hom wag. Miskien is hy al moeg gewag, ongeduldig. Hy het Sjoeng Lai nog nooit ongeduldig gesien nie, nog nooit kwaad gesien nie. Hy is altyd koud en saaklik, net soos daardie dag toe hy hom hierdie ‚werk' aangebied het.

Arnold stap huiwerig vorentoe. Hoekom is daar vanoggend geen bergkorhaan wat roep nie, geen arend wat kras nie? Arnold struikel vinnig teen die hoogtetjie op na die wit rotse.

Miskien is dit waar dat Sjoeng Lai hom op 'n afstand kan dophou, dat hy sy bewegings hiervandaan kan gadeslaan; elke verkeerde draai wat hy maak. Arnold dink nou dat hy weet hoe Sjoeng Lai se alwetende oë sien—hy dink hy weet. Dat hy ooit so dom kon wees! Mike Scott is een van Sjoeng Lai se oë, en miskien ook die kroegman op Ingwavuma wat oor die toonbank geleun het en hom toegefluister het:

„Ek dink jy was dwaas om hierheen te kom."

Hy kon die betekenis van die woorde toe nie verstaan nie, maar nou kan hy. Daardie kroegman het geweet. Hy is een van Sjoeng Lai se oë.

Hy gaan tussen die rotse deur. Hier voor hom is die gapende bek van die skag wat skuins na onder toe loop. Twee meter loop die skag in die grond af. Op die end van die skag is die skurwe, klipperige muur. Maar die skag hou nie daar opnie. Daar agter daardie skagmuur is Sjoeng Lai se vesting.



Arnold vee die sweet van sy voorkop af en betree die skag. Die grondvloer sak vinnig en Arnold moet vastrap om nie te oorhaastig af te hardloop nie. Hy wonder weer waarom Sjoeng Lai alles so ernstig opneem, maar miskien neem hy dit nie so ernstig op nie; miskien het Mike Scott oordryf.

Dit word koel en klam om hom. Hy sak met elke tree laer, die wande van die skuins skag word hoër. Hier waar hy loop, skyn die son net as dit loodreg in die hemelruim opgeklim het.

Arnold haal hard asem toe hy die end van die skag bereik. Hy kyk na boontoe. Reg bokant hom skiet die skag vyftig treë die lug in. Êrens drup water, maar Arnold neem nie daarvan notisie nie. Hier aan die end van die skag kry hy altyd sy besending. Hy moet dit dan net laai en ry. Hy het nooit geweet hoe dit hier kom nie. Hy weet nou nog nie. Hy het verwag dat Sjoeng Lai hom hier sal kry, op hierdie einste plek waar hy sesuur in die oggend twee keer 'n week die ‚handelsware' optel, pak en dan wegry.

Waar is Sjoeng Lai? Het Mike Scott sy been getrek? Het hy geskerts?

Ineens is daar 'n krasgeluid. Dit gaan kompleet asof die aarde voor hom of bokant hom oopbars. Arnold kyk vinnig op en dan kom 'n hol stem tot hom. Dit klink asof dit van iemand afkomstig is wat bo van die skagwand af praat. Arnold deins terug en ruk sy rewolwer vinnig te voorskyn. Dit is 'n werktuiglike handeling. Hy het nie eens daaraan gedink om die vuurwapen uit te pluk nie. Dit was uit vrees dat hierdie reaksie as vanself verloop het. Arnold haal hard asem en die stem spreek hom spottend toe:

„Kom maar binne, Arnold. Ek het lank op jou gewag. Jy moes eerder hier gewees het. Al weer draaie gery?"

Die stem klink hol, sterk, asof die persoon deur 'n luidspreker praat, maar Arnold het al klaar Sjoeng Lai se stem herken. Hy praat Afrikaans met 'n swaar aksent, maar praat dit soms goed. As hy Engels praat, is dit minder geslaag en soms onverstaanbaar, maar tog verkies Sjoeng Lai om Engels te praat. Dit is eintlik vir Arnold snaaks dat hy nou Afrikaans praat. Hy wonder ook skielik wat Sjoeng bedoel met „kom binne." Maar skielik sien hy dat die muur hier voor hom skielik vinnig wegskuif. Dit word seker deur 'n onsigbare masjien of hande na boontoe getrek. Dit lyk asof die stuk wand hier voor hom eers 'n entjie van hom af weg beweeg het en nou opwaarts beweeg.

Weldra hou die gekras op en Arnold staar styf van vrees na die donker gang hier reg voor hom. Die stem praat skielik weer: ,,Jy is baie senuweeagtig. Sit daardie rewolwer weg en stap binne."

Arnold snak na sy asem en begin beweeg, loop stadig vorentoe, die donker, gapende ruimte binne. Hy het sy rewolwer weer haastig in sy sak laat terug val. So iets het hy nooit verwag nie. Dit is asof hy nou weet dat Sjoeng Lai nie net met hom gaan raas nie, nie net die leviete gaan voorlees nie.

Agter hom kraak dit skielik weer, daar volg 'n gerammel, soos van waters wat veraf dreun. Dit word skielik pikdonker toe die muur agter hom afsak. Hy hoor nou iets soos die gegons van masjiene. Hy haal skaars asem. Binne enkele oomblikke is dit weer stil. Skielik flits 'n dowwe blou lig bokant hom aan. Hy kyk op. Ver bokant hom hang 'n klein elektriese gloeilampie. Die dak is hoog en die stilte om hom voel tasbaar. Al wat hy hoor, is die gejaag van sy eie asemhaling.

Ver voor hom brand 'n rooi lig. Hy skrik toe hy die figuur langs daardie rooi lig sien. Hy sien hoe die lig op die kaal kop van die Sjinees skitter. Hy sit daar in sy netjiese swart pak net soos hy hom daardie dag in die kafeetjie op Piet Retief gesien het. Net, nou het hy geen hoed op nie. Sjoeng Lai kyk nie op nie, maar staar voor hom op 'n klompie papiere op sy lessenaar. Dit lyk asof Sjoeng Lai in 'n glasafskorting sit. Skielik dreun 'n stem hol hier in die halfverligte ruimtes:

,,Kom nader! Ek het nie baie tyd nie."

Arnold wip soos hy skrik en stap vinnig deur die halfdonkerte nader. Toe hy naby Sjoeng Lai is, sien hy dat hy wel in 'n glasafskorting sit. Arnold sien die deuropening en 'n oomblik later staan hy vlak voor Sjoeng Lai.

Links van Sjoeng Lai is 'n imponerende instrument. Daar kom 'n gonsgeluid van die instrument af. Arnold beskou dit 'n oomblik aandagtig en bang. Hy raai dadelik dat dit 'n radio-opvangtoestel is. Drade reik na bo en dit lyk asof hulle dwarsdeur die dak dring.

Sonder om op te kyk, vra Sjoeng Lai:

,,Wat het jy vir jouself te sê, Arnold? Ek skat niks."

,,Hoe bedoel jy, Sjoeng Lai? Wat het ek vir my self te sê?" stotter Arnold.

Sjoeng Lai kyk vinnig op; sy skrefiesoë betrag Arnold 'n oomblik, maar daar is weinig uitdrukking op sy geel vel. Sy lippe is dun en beweeg skaars toe hy dralerig praat:



,,Moenie maak asof jy van geen sout of water weet nie, Arnold. Jy weet goed dat jy verbrou het. Mike het jou vertel dat ek jou dringend wil sien. Ek weet jy het die reëls veronagsaam; jy het die dowwe paadjie verlaat en na Ingwavuma gery, agter vroumense en drank aan. Jy het daar die onnosele stuk begaan om 'n konstabel aan te rand. Op hierdie oomblik weet die polisie van jou. Hulle het 'n beskrywing van jou aan al die polisiestasies gegee. Ek het pas gehoor dat 'n konstabel op Ndumo jou herken het. Hulle weet dat jy 'n ou tronkvoël is; dat jy vier jaar lank in die tronk was vir inbraak. Hulle het jou foto's in die ou polisieregisters opgespoor. Hulle weet nou na wie hulle soek. Hierdie organisasie, met Sjoeng Lai as die kopstuk, het R19,600 per maand los geslaan. Alles het so vlot soos nog iets gegaan. Met jou dwase optrede het jy ons hele organisasie in gevaar gebring, Arnold. Wanneer die polisie jou vang, sal jy alles uitblaker. Wat moet ek met jou doen?"

Arnold sluk swaar.

,,Hulle sal my nie vang nie, Sjoeng Lai. Ek sal daarvoor sorg. En. . . enne, as hulle my vang, sal ek nie praat nie. . ."

Sjoeng Lai lag skielik.

,,Vertel dit vir die ape. Ek glo dit nie. Ek ken mense. Ons hele organisasie is vernietig as jy nie gou uit die weg geruim word nie."

Arnold se bene word lam onder hom.

,,Nee, Sjoeng Lai, jy bedoel. . . jy bedoel dat jy my gaan doodmaak?"

Weer lag Sjoeng Lai sag en hy lig hom uit die stoel uit op.

,,Nee. . . nee, ek sal jou nie doodmaak nie. Maar jy moet hier weg, so gou as moontlik. Jy mag nie langer in hierdie omgewing bly nie. Ek het gereël dat jy jou paspoorte by Mike kan gaan haal. Jy vertrek Mosambiek toe. Ek gee jou hierdie laaste kans. Daar sal jy self moet sorg dat jy werk kry. Jy kan nie meer op jou maandelikse salaris staatmaak nie, Arnold. Ek betaal jou vir hierdie maand ten volle. Mike sal dit vir jou gee. Jy verstaan dat ons nie hierdie risiko kan loop nie. Die polisie sal jou vang as jy nog hier bly en dan stort ons hele organisasie in duie. . ."

Arnold sug verlig. Dit is jammer dat hy nie verder vir Sjoeng Lai kan werk nie, maar hy is darem bly dat Sjoeng so tegemoetkomend is. Hy kon hom doodgemaak het. Hy het daardie dag in die kafee geskimp dat hy nie sal aarsel om iemand dood te maak wat in sy weg na sukses staan nie. Arnold verwens homself dat hy daardie aand

Ingwavuma toe gery het.

Hy wil nog verder praat, maar toe sit Sjoeng Lai weer en sê:

,,Dit is al, Arnold. Jy besef dat ek geensins anders kan optree nie. Ons is nog maar 'n jaar met hierdie onderneming besig. Ek het gedink om nog 'n jaar te spook. Dan kan ons elkeen met 'n vet bonus afgetree het. Maar, natuurlik, jy is nou uit die prentjie. Ek het jou laat kom net om jou te sê dat dit finaal is. Gaan dadelik terug na Mike toe. Hy sal die nodige doen. Jy sal nie graag in die hande van die polisie wil beland nie, Arnold?"

,,Nee, as ek dit kan help, glad nie," kom dit onderdanig van Arnold.

,,Dan verstaan ons mekaar. Mike sal alles vir jou vertrek reël."

Daar volg 'n stilte. Sjoeng Lai kyk weer stip op die papier voor hom op die lessenaar. Die instrument langs Sjoeng Lai begin gons. Sjoeng Lai kyk op en sê:

,,Jy moet nou gaan, Arnold. Tot siens."

,,Wederom, Sjoeng Lai. Ek is jammer oor wat gebeur het. Ek weet dit is my skuld."

Daar is 'n toon van dankbaarheid in Arnold se stem. Die opvangtoestel begin weer gons en die swart wysers in 'n horlosie-agtige affêre begin vinnig heen en weer ruk. Sjoeng Lai staan op en gaan na die instrument. Hy draai 'n paar knoppies. Arnold loop by die glaskantoor uit. Hy stap vinnig in die leë ruimtes om hom na die punt toe terug waar hy binne gelaat is. Sy hart klop in sy keel. Hy hoor 'n stem wat uit die instrument praat, 'n stem wat bekend klink.

,,XO roep XXX. . . XO roep XXX. . . Môre XXX. Groete vir jou. . . môre sê. Glad nie mooi weer hier nie. Hoor Picard sê dat die storm weer daar opgesteek het. Arnold het vol in die storm vasgeloop. . ."

Arnold staan skielik stil toe hy sy naam hoor. Skielik weet hy duidelik hoe Sjoeng Lai se ,,oë" werk, of liewer sy ,,ore." Mike het natuurlik ook so 'n instrument. Wie is Picard? Skielik weet hy ook wie daar oor die eter praat. Dit is Mike Scott.

,,XXX ek speel vir jou een van my nuwe plate. Spesiaal gekoop op jou versoek. Alles gereed. Luister. . ."

Arnold gaan doodstil staan. Hy luister na die musiek. Dit gee hom koue rillings.

Dit is 'n dodemars wat daar speel, lank en dralerig, ten hemel ruisend. Dan dreun die basmusiek asof dit diep uit die aarde uit kom.

Arnold ril by die aanhoor daarvan. Hy voel die muur voor hom, en skielik hoor hy weer iets soos die gedreun van masjinerie. Skielik begin die muur hier voor hom weer oplig. Die lig sypel van buite af in en die liggie bokant hom gaan weer skielik uit. Toe hy omkyk, is dit stikdonker agter hom. Dit is net die musiek wat ver agter hom spookagtig opklink.

Ineens is Arnold haastig om uit te kom. Daardie musiek stuur koue rillings langs sy ruggraat af. Hy haas hom na buite. Dit rammel soos die ,,muur" teruggeskuif word. Vinnig hardloop Arnold teen die opdraand uit. Toe hy heel bo kom, steek hy vas en kyk om. Daar staan die soliede muur weer agter hom en 'n mens sou nooit sê dat dit op en af kan skuif nie.

Op daardie oomblik is Sjoeng Lai besig om enduit na die plaat te luister. Hy draai weer vinnig aan die knoppies en wieletjies aan sy instrument en bulder terug oor die eter: ,,Dankie XO. . . ontvangs goed. Breek daardie plaat. . . breek daardie plaat. Dit gee mens koue rillings. Ek skakel af. Laat hele saak in jou hande."

Arnold haas hom om by sy vragmotor te kom. Hy spring agter die stuur in en weldra dreun en stamp die motor teen die helling af oor die oneffe pad. Hy is skielik bly om weg te kom.

Twee uur later ry hy by sy plaashek in. Die gras staan hoog langs die pad. Dit is 'n verwaarlose plaas, maar die huis is oulik. Arnold hou vlak voor die voordeur stil en haas hom na die stoep. Nog voordat hy die stoeptrappe betree, is Joey in die deur. Sy het 'n netjiese voorskoot aan.

,,Hallo, Sus. Ek moet net skeer en dan weer weg."

Daar is onmiddellik 'n frons op haar voorkop.

,,Hierdie bedrywighede van jou wek my agterdog, Arnold."

Sy kom nader. Haar blou oë hou hom fyn dop. Haar glansende blonde hare vang die sonlig toe sy voor die kombuisvenster verby beweeg.

,,Begin jy al weer!"

,,Ek is daarvan oortuig dat jy met verkeerde dinge besig is."

Arnold antwoord haar nie. Dit is vir Joey Greeff eienaardig dat Arnold vandag nie kwaad word as sy so praat nie. Ander dae word hy briesend.

,,Ouboet," soebat sy, ,,wil jy my nie in jou vertroue neem nie? Ek kan jou help. Jy lyk vandag ontsteld. . . Ouboet, asseblief, ek het vier dae gelede hierheen gekom om vir jou 'n troos te wees in jou eensaamheid, om jou by te staan. Jou plaas lê leeg. Jou paar osse werk